



Graad 3

A DOEL

Om die Penkop en Drawwertjie:

1. Te laat besef dat godsdiens 'n baie belangrike rol in die lewe van die Afrikaner speel.
2. Te leer dat godsdiens 'n leefwyse is en nie iets is wat jy gebruik net wanneer jy dit nodig het nie.

B VEREISTES

Die Penkop en Drawwertjie moet:

1. Een gelykenis uit die Bybel ken.
2. Drie nuwe geestelike liedjies aanleer.
3. 'n Bybelvers kies en daarvan 'n mooi kaartjie, 'n boekmerk of 'n versiering vir die muur of bedkassie maak.
4. 'n Model bou van 'n gebeurtenis in die Bybel.
5. Weet uit hoeveel testamente en boeke die Bybel bestaan.
6. As 'n groep of span saam 'n kerkdiens bywoon en na die tyd oor die inhoud en hulle belewenis gesels.
7. Die Onse Vader as gebed of lied aanleer.
8. 'n Geestelike item saamstel en tydens 'n geskikte geleentheid aanbied.

B AANBIEDING

1. Almal in die groep kan dieselfde gelykenis vertel of elkeen kan sy eie keuse maak sodat 'n hele aantal gelykenisse gedek word. Hier kan die ouers help deur die verhaal saam met die kind uit te soek en die inhoud daarvan aan die kind te vertel en te verduidelik.
2. Hou by Afrikaanse geestelike liedjies. Die span moet die woorde aanleer en uit die kop kan sing.
3. Die teks se inhoud moet binne die kind se begripsvermoë val. Die aanbieder of die kind kan die woorde uitskryf of op die rekenaar uitdruk waarna dit versier word en as 'n boekmerk, kaartjie of muurteks gebruik word.
4. Die kind kies, onder leiding van die ouer of Offisier, 'n Bybelverhaal waarvan hy 'n model moet bou. Die model kan van klei, papier, sand, gips of enige bruikbare materiaal gebou word. Elke kind bou sy eie model.
5. Die doel hiermee is om die kind te laat besef dat die Bybel deur verskillende persone, oor 'n lang tydperk geskryf is. Alhoewel tyd en baie persone betrokke was, moet die kind ook weet dat alles deur die Heilige Gees geïnspireer was. Die aanbieder moet hierdie inligting eenvoudig en verstaanbaar aan hulle oordra.
6. Vereistes 6 en 7 se opdragte is duidelik.
7. Vereiste 8. Die aanbieder moet die item of tablo saam met die kinders saamstel. 'n Tablo sal beter werk aangesien daar dan van volwasse stemme gebruik gemaak kan word. Die opvoering kan tydens 'n kamp, inlywing of 'n ander spesiale geleentheid aangebied word.